DIE AMP VAN DIE PREDIKANT

– gereformeerde rigtingwysers en nuwer ontwikkelings

COENIE BURGER

CAS WEPENAAR

In deel een van hierdie reeks oor die amp van die predikant is die huidige konteks verken en enkele Bybelse rigtingwysers op die tafel geplaas. In die tweede gedeelte van die reeks word hierdie gedagtes verder geneem en eerstens gekyk na hoe die amp van die predikant gesien is in die Gereformeerde tradisie, en tweedens na enkele nuwer ontwikkelings rondom predikant-wees en predikantswerk.

Die Gereformeerde tradisie het ’n eie klem gelê met betrekking tot die amp van die predikant. Eerstens is dit deurgaans so dat Gereformeerdes die konteks waarbinne leierskap gefunksioneer het, ernstig opgeneem het. Calvyn onderskei reeds tussen twee groepe – apostels, profete en evangeliste; en herders en leraars. Laasgenoemde groep is blywend, maar eersgenoemde groep gebruik God van tyd tot tyd afhangende van die tydsgewrig. Die behoefte van ’n bepaalde tyd en plek bepaal die tipe leierskap wat benodig word en gevolglik ook die pligte van die predikant. So byvoorbeeld het Calvyn in sy een kerkorde die taak van die leraar omskryf na gelang van die omstandighede in Genève en het die kerkorde van die NGK vanaf 1873 tot en met 1953 gevra dat NGK-predikante af en toe Engelse preke lewer. Hierdie beginsel, die aanpassing van die taak van leierskap na gelang van die konteks, beteken dat die konteks van 2004 opnuut verreken moet word om so die pligte van predikante vandag te bepaal. Enige aanpassing by die konteks geskied egter nie lukraak nie, maar sentreer in die Gereformeerde tradisie deurgaans om ’n kern.

Daar is drie sentrale sake waarop die amp van die predikant gerig is in die Gereformeerde tradisie, naamlik prediking, lering en sorg, wat alles gerig is op die opbou van die gemeente. Dit is alles sake wat dinamiese leierskap vereis wat toerus, opbou, laat groei en gelowiges tot ’n eenheid lei (aldus Calvyn in sy Institusie). Wat die tydsgewrig ook al vereis, laasgenoemde sentrale drieslag van Woord/sakrament, lering en sorg/opsig, bly die kern van ’n Gereformeerde ampsbeskouing. In hierdie verband merk die teoloog John Leith die volgende op: “... the well-being of the church depends above all else on the people who are hearing the gospel, the church, and upon the competence and dedication of ministers whom the people call to preach, teach, and exercise pastoral care”. Verder sê hy: “When churches take seriously preaching, teaching, and pastoral care, congregations generally thrive, even in a secular society”. Hierdie prediking, lering en pastoraat moet egter, gesien teen die agtergrond van ’n identiteits- en roepingsverlies, reg verstaan word.

PREDIKING

Enige predikant wat preek, moet ’n roeping hê om dit te doen. ’n Mens preek nie omdat jy die dominee in die gemeente is of omdat jy betaal word nie, maar slegs omdat jy ’n roeping het om dit te doen. In die Gereformeerde tradisie moet prediking goeie teologiese prediking wees wat nie noodwendig by die gemeente se smaak aansluit nie, maar eerder hulle preeksmaak verander en God se genade aan hulle toesê.

LERING

Anders as enkele jare gelede word die Christelike geloof nie meer deur enige ander instansie as die kerk aan mense oorgelewer nie. Daarom moet die kerk self die geloof aan mense leer, want niemand anders gaan dit doen nie. Die essensie van hierdie lering is ’n uitleg van dit wat God vir mense se verlossing gedoen het.

PASTORAAT

Pastoraat is veral die inkorporasie van mense in die lewe van die kerk. Dit beteken prakties dat predikante mense moet besoek (huisbesoek, siekebesoek, voornemende lidmate ens).

Die voorafgaande kern van prediking, lering en pastoraat is van groot hulp, maar daar is tog ’n ongemaklikheid om net dit te sê. In die lig van hierdie ongemaklikheid het daar oor die laaste klompie dekades enkele nuwer beklemtonings na vore gekom om dit te profileer en uit te brei.

OPKOMS

Die opkoms van gemeentestudies het aangetoon dat nie die predikant nie, maar die gemeente en haar lewe die primêre getuie van die evangelie is. Predikante moet gemeentes help om hul getuienis uit te dra en hulle werk is dus bemiddelingswerk. Die predikant doen dus nie werk aan of selfs in die gemeente nie, maar deur die gemeente. Die groter proses of sisteem is baie belangrik en die predikant is by uitstek die persoon wat deurentyd hieroor moet dink.

Daar is ’n groter fokus op die predikant as leier van die gemeente. Heelwat predikante deins hiervoor terug in die lig van die feit dat die predikant saam met die kerkraad die gemeente lei, en verkies dan eerder om te fokus op prediking of pastoraat (dus net ’n gedeelte van die volle amp). Die feit bly egter dat die predikant ook leier is, al gaan sy/haar leierskap nie oor outoriteit en gesag nie, maar eerder oor inspirasie, om ’n voorbeeld te wees en toewyding. Hier is visionering en strategiese beplanning ook baie belangrik.

Die predikant as begeleier of toeruster sluit nou aan by die eerste punt en beteken dat die leraar die hele gemeente moet bemagtig om hulle getuienis uit te leef. Dit gaan hier veral om lering en hulp aan lidmate om hulle lewensroeping te ontdek.

LITURGIE

Die predikant as liturgiese voorganger. Deesdae is daar ’n groeiende belangstelling in die liturgie, vanweë ’n groeiende besef dat die erediens meer is as net prediking, maar ook ’n ontmoeting met die lewende God in verskeie vorms soos klag, lof, skuldbelydenis en voorbidding. Vir predikante beteken dit onder andere dat hulle meer moeite moet doen met voorbereiding, maar ook dat dit nie meer net gaan oor wat die predikant doen in die erediens nie, maar ook oor wie die predikant is.

Meer aandag word geskenk aan predikante se roeping en persoonlike geloofsverbintenis. In sekere kringe word die laaste tyd sterk gefokus nie net op wat die predikant doen nie, maar ook op wie en wat die predikant is as mens – veral as mens voor God. Hierdie gesprek is gedeeltelik ’n reaksie op negatiewe ervarings met ’n verstaan van die amp wat te sterk verprofessionaliseer is. Sommige mense sal dadelik wonder of die mens, die persoon van die predikant, dan nou wel so belangrik is, en of God nie self deur sy Woord en Gees sy kerk regeer nie. In lyn hiermee wonder ander of God enige mens, selfs nie-gelowiges soos Kores gebruik vir die koms van sy koninkryk. Dit is waar, maar al kan God ’n reguit hou met ’n krom stok slaan, verkies Hy tog meer reguit stokke. Dit is waarom die Bybel soveel klem lê op sake soos geloof en vertroue op God, heiligmaking, vroomheid en godsvrug. Of dominees dit wil weet of nie, soos Urban Holmes tereg opmerk, hulle is simbole van God!

Hierdie beklemtonings is niks nuuts of veel anders as dit waaroor mense soos Calvyn gepraat het nie. Dit is egter ’n uitdaging om dit te integreer en te fokus. Met die oog hierop sal die drieampteleer, toegepas op die amp van die predikant, in die volgende en laaste artikel in hierdie reeks oor die amp van die predikant aangebied word.